



Teken in en ontvang elke week 'n gratis *Lekkerbekkie Nuusbrief*: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Gratis kinderstorie:

Wanneer ons nie by die huis is nie deur Anna Emm

Manie en Mariëk woon saam met hulle mamma en pappa in die geel huis. Hulle het 'n hond met die naam Vlooi, en 'n kat met die naam Kat. Katrina, die bediende, kom elke oggend voor agtuur by die agterdeur in om die huis te kom skoonmaak.

Een oggend sê hulle mamma: "Katrina, ons gaan vir die naweek weg. Jy moet asseblief die huis kom oppas en vir Vlooi en Kat hulle kos gee terwyl ons nie hier is nie."

Later die oggend sit Manie en Mariëk op die trappie en kyk hoe Katrina die stoep vee. "Wat maak jy wanneer ons nie by die huis is nie, Katrina?" vra Manie nuuskierig.

Katrina lag en sê: "Wat ek altyd maak as julle nie hier is nie. Ek spring op die beddens." "Regtig?" vra Mariëk met groot oë. "Op wie se beddens?" "Op almal s'n," lag Katrina. "Ek kyk wie se bed die lekkerste spring."

Manie en Mariëk giggel, want Katrina is groot en rond. "Wat doen jy nog?" vra Mariëk.

"Wel," sê Katrina, "as ek klaar op die beddens gespring het, gaan skep ek vir my 'n groot bak roomys. Sommer baie roomys met sous en lekkertjies bo-op. En dan eet ek alles alleen op."

Manie lag uit sy magie uit. "En dan, Katrina? Wat maak jy nog alles as ons nie by die huis is nie?"

Katrina dink so bietjie en sê dan: "Ek gaan lê op die bank en kyk al julle DVD's. Ek vee nie die stoep nie en ek was nie die wasgoed nie. En as dit donker raak maak ek 'n lekker vuurtjie in die kaggel. Dan braai ek sagte lekkers op stokkies en gee vir Vlooi en Kat ook daarvan."

Mariëk lag. "Vlooi en Kat mag nie lekkers eet nie, Katrina!" roep sy.

"Ja, maar niemand sal mos sien nie," sê Katrina met groot oë. "Julle is mos nie by die huis nie."

"Wat nog, Katina?" vra Manie. "Wat doen jy nog wanneer ons nie hier is nie? Vertel! Ons sal nie vir Mamma sê nie."

Katrina fluister nou saggies en sy het ophou vee: "As dit donker word bou ek 'n huis met al die blokkies in julle kamer - sommer net hier voor die TV. En dan slaap ek binne-in die huis saam met Vlooi en Kat. Dis baie lekker!"

Hulle mamma kom uit die kombuis en roep die kinders: "Julle moet kom kyk wat julle alles wil inpak vir die naweek!"

"Ons dink ons wil liever die naweek by die huis bly!" roep Manie en Mariëk gelyk uit, en Katrina lag tog te lekker.

Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek www.AnnaEmm.co.za

Gratis inkleurprentjie:

Wanneer ons nie by die huis is nie illustrasie deur Elanie Bieldt

